

REDAKSIONEELSKRIF EN KERK

Die Teologiese Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Universiteit van Pretoria, beoefen die Teologie in diens van die Kerk. Dit wil 'n Teologie vanuit die Kerk en vir die Kerk wees. Om te erken dat 'n mens die wetenskap vanuit 'n bepaalde gesigspunt beoefen, is nie onwetenskaplik nie. Om die waarheid te sê, die eerlike wetenskaplike sal die eerste wees om te erken dat daar nie so iets bestaan as volkome objektiwiteit nie.

As deel van die Universiteit van Pretoria is dit die taak van die Fakulteit om die Teologie op 'n wetenskaplike wyse te beoefen.

Skrif en Kerk wil op beskeie wyse meewerk om dié doelwit te probeer verwesenlik: Die wetenskaplike bestudering van die Skrif tot welsyn van die Kerk.

Personalialia: Die Fakulteit het die afgelope jaar heelwat veranderinge ten opsigte van sy personeel ondervind: aan die einde van 1979 verlaat dr. (nou prof.) M.H.O. Kloppers die Fakulteit deur 'n beroep na die gemeente Burgerspark (Pretoria) te aanvaar. Sy plek as senior lektor in die Departement O.T. Eksegese en Teologie word aan die begin van 1980 deur dr. W. Vosloo van Unisa ingeneem. Ons staan egter ook vir dr. H.J.C. Pieterse in 1979 af aan Unisa. Dr. A.J. Smuts word in sy plek as senior lektor in die Departement Praktiese Teologie verwelkom. Die stigting van die nuwe Teologiese Fakulteit aan die UOVS te Bloemfontein bring heelwat verskuiwinge te weeg: Prof. J. J. de Klerk word vanaf 1 Julie 1980 deur prof. A.C. Barnard as Departementshoof van die Departement Praktiese Teologie opgevolg; dr. A.J. Smuts word in dieselfde Departement tot mede-professor bevorder. Dit bring mee dat ds. Malan Nel beroep word tot senior lektor in bogenoemde Departement. In die plek van prof. J.A. du Rand, wat ook na Bloemfontein vertrek het, kom prof. P.P.A. Kotzé, van die Universiteit van die Noorde, as mede-professor in die Departement Nuwe Testament Eksegese en Teologie. Inmiddels het prof. P.C. Potgieter, mede-professor in die Departement Dogmatiek en Etiek, ook die beroep na Bloemfontein aanvaar. 'n Opvolger vir hom word later dié jaar aangewys.

Aan sowel die vertrekkende as die nuwe kollegas word seën en sterkte toegebid.

W.S.P.